

# Die verhouding van die Siriese Psalm 151 tot die Griekse en Hebreeuse weergawes

H F van Rooy  
Departement Klassieke en Semistiek  
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

## ABSTRACT

### The relation between the Syriac Psalm 151 and the Greek and Hebrew versions

*This article studies the apocryphal Psalm 151, with special reference to the Syriac version in its relation to the versions of this psalm in the Septuagint and at Qumran. Four different sources of this psalm in Syriac can be distinguished, namely, a commentary on the psalms by Athanasius, a number of manuscripts of the Peshitta and the Syrohexaplar, the manuscript 12t4 (containing the five Syriac apocryphal psalms as an addendum to the canonical psalms) and a number of other manuscripts with these apocryphal psalms. This psalm existed in more than one version in Hebrew. One version is reflected at Qumran in the psalms Scroll from cave 11 and another one in the Septuagint. The Syriac is dependent on the Greek, but clear signs of an inner-Syriac development can be discerned.*

## 1 INLEIDING

In 1930 het Martin Noth 'n belangrike studie oor die vyf Siriese apokriewe psalms gepubliseer<sup>1</sup>. Dié studie het die standaardwerk oor die onderwerp gebly tot met die publikasie van die Psalmrol van Qumran (grot 11) deur Sanders<sup>2</sup> en die kritiese uitgawe van die vyf Siriese psalms deur Baars<sup>3</sup> in 1972. Sedert die verskyning van laasgenoemde twee publikasies het die vyf Siriese apokriewe psalms nuwe aandag ontvang. In hierdie artikel word die Siriese Psalm 151 bestudeer, met aandag aan die verskillende Siriese manuskripte en die verhouding van die Siriese weergawe tot die Griekse en Hebreeuse weergawes.

## 2 LITERATUUROORSIG

Noth<sup>4</sup> het 'n kritiese teks van die vyf Siriese apokriewe psalms gepubliseer. Hy oordeel dat sommige van die psalms in Hebreeus geskryf is, dat dit toe in Grieks vertaal is en daarna van Grieks in Siries. Dit was beslis

die geval met Psalms 154 en 155<sup>5</sup>. Hy was minder seker van Psalm 152, maar het daarvan, soos van Psalm 154 en 155 'n Hebreeuse retroversie gedoen<sup>6</sup>. Oor Psalm 153 was hy baie onseker en hy het nie daarvan 'n retroversie gemaak nie.

Hy het geoordeel dat Psalm 151 wesentlik gelyk is aan die *LXX* se Psalm 151, wat die *Vorlage* daarvoor was<sup>7</sup>. Daar was egter nie 'n Hebreeuse oorspronklike nie. Die psalm wyk baie sterk af van die kanonieke psalms wat formele, stilistiese en inhoudelike aspekte betref. Die psalm kom die eerste keer in Grieks voor en daar is niks wat 'n Hebreeuse oorspronklike vereis nie. Noth was van mening dat die psalm aan die Aleksandrynse Jodendom toegeskryf moet word<sup>8</sup>. Die psalm kom nie in die Peshitta voor nie, maar wel in die Sirohexaplar<sup>9</sup>. Die Siriese psalm is duidelik sekondêr tot die Septuagint. Noth en Philonenko<sup>10</sup> wys albei op die byvoeging in vers 1, dat Dawid 'n leeu en 'n beer gevind en gedood het. Noth oordeel dat die byvoeging in die Siries moes plaasgevind het en Philonenko verbind dit aan Psalms 152 en 153.

Die bestudering van die Siriese apokriewe psalms het nuwe aandag gekry na die publikasie van die Psalmrol van Qumran (grot 11) deur Sanders in 1965. Die definitiewe publikasie van 1965 is voorafgegaan deur 'n aantal voorlopige publikasies, maar vir die doel van hierdie bespreking sal op die finale uitgawe gekonsentreer word. Sanders beskou Qumran Psalm 151A as 'n poëtiese midrasj op 1 Samuel 16:1-13<sup>11</sup>. Hy meen dat QPsalm 151 en die weergawes in die *LXX* en Peshitta se opskrifte heeltemal verskil<sup>12</sup>. Die weergawe van die psalm in die *LXX* is nie bloot 'n vertaling van Qumran nie. Tog word elke frase wat in die *LXX*-weergawe aangetref word, ook in die Qumranweergawe aangetref (Psalm 151A), behalwe vir die *LXX* se verse 6 en 7. Sanders meen ook dat die *LXX* se Psalm 151 nie sin maak nie, terwyl QPsalm 151 wel sin maak. Die *LXX* se verse 6 en 7 hou dalk verband met die gebroke QPsalm 151B<sup>13</sup>. Samevatting oordeel hy dat by QPsalm 151A die Hebreeus onderliggend aan *LXX* Psalm 151:1-5 is en dat QPsalm 151B die begin van die oorsprong van *LXX* Psalm 151:6-7 is<sup>14</sup>. Die twee gedeeltes is later saamgevoeg en in die proses het die kunstige vorm van die eerste en ook moontlik die tweede verlore gegaan. Die *LXX* Psalm 151 is 'n vertaling van die samevoeging. Die drie opskrifte is onafhanklik van die psalm en van mekaar.

Na die verskyning van Sanders se eerste twee artikels waarna reeds hierbo verwys is, het Brownlee 'n studie oor die Hebreeuse Psalm 151:1-5 gepubliseer<sup>15</sup>, waarin hy op die skandering van die psalm gekonsentreer het. Die studie werp nie nuwe lig op die verhouding van die verskillende weergawes van die psalm tot mekaar nie. Dieselfde geld vir Skehan se

eerste artikel oor Psalm 151<sup>16</sup>. 'n Ander vroeë lesing van die QPsalm 151 is van Rabinowitz<sup>17</sup>, wat 'n effens ander indeling en interpretasie van die psalm voorstel.

In 1966 het Strugnell<sup>18</sup> 'n baie belangrike artikel gepubliseer, waarin hy die Siriese apokriewe Psalm 151, 154 en 155 indringend bespreek het, met verwysing na 11QPs<sup>a</sup> en ook die *LXX* wat Psalm 151 betref. Die artikel het verskyn voor die publikasie van die kritiese teks van die Siriese apokriewe psalms deur Baars en is dus in sekere opsigte onvolledig. Hy bespreek die Siriese, Griekse en Hebreeuse weergawes van Psalm 151. Hy wys daarop dat daar ten opsigte van die Siriese weergawe van Psalm 151 vier klasse van manuskripte onderskei kan word. Sy klas a word verteenwoordig deur die manuskripte van die Syrohexaplar en klas b deur talle Peshitta-manuskripte. Hy meen dat klas a en b dieselfde teks verteenwoordig. Klas c word verteenwoordig deur die teks Mosul 1113, wat volgens die notasie wat in die Leiden Peshitta gebruik word, bekend staan as 12t4. Klas d word verteenwoordig deur die vyf apokriewe Siriese psalms in kopieë van 'n werk van Elias van Al Anbar. Hy oordeel verder dat al hierdie Siriese getuies dieselfde grondteks verteenwoordig. Na 'n bestudering van variante in hierdie manuskripte konkludeer hy dat al die kopieë van die werk van Elias waarskynlik na dieselfde manuskrip teruggevoer kan word en dat daar verder geen lesings in die Elias-tekste en 12t4 is wat daarop dui dat hierdie weergawes 'n ander oorsprong het as die weergawe in sy groepe a en b<sup>19</sup>. Na 'n bespreking van die verwantskap van die Siriese Psalm 151 met die *LXX* konkludeer hy dat die Siriese teks 'n dogterweergawe van die *LXX* is<sup>20</sup>. Hy oordeel ook dat die weergawe van die *LXX* teruggevoer kan word na 'n kombinasie van die Qumran Psalm 151A en B, maar is nie seker of die kombinasie al in Hebreeus plaasgevind het en of dit nie dalk eerder die werk van die Griekse vertaler was om die twee weergawes verkort te kombineer nie<sup>21</sup>.

Strugnell verwys ook na die manuskrip BM Add 14568. Hierdie teks bevat 'n weergawe van Athanasius se kommentaar op die psalms, gevolg deur Psalm 151, sonder kommentaar. Strugnell het 'n transkripsie van hierdie weergawe van Psalm 151<sup>22</sup>. Hierdie teks is ook deur Baars gebruik as basis vir sy vergelyking van die teks van Psalm 151 in die groep van vyf Siriese apokriewe psalms met die teks van die psalm in die Syro-hexaplar en die Peshitta. Strugnell was nie bewus van die kantlynaantekeninge en korreksies in die Siriese manuskrip 12t4 wat op sekere punte nuwe lig werp nie.

In 1976 het Skehan sy artikel van 1963 oor Psalm 151 opgevolg met 'n artikel oor die vyf Siriese apokriewe psalms. Hierin was hy die eerste

om aandag te gee aan die kantlynaantekeninge en korreksies in 12t4, soos aangedui in Baars se kritiese teks. Hy aanvaar dat Psalm 151 in die Siries van die *LXX* afhanklik is<sup>23</sup>. Hy gee aandag aan die inleiding en opskrif in 12t4 en wys op die belang van enkele van die kantlynaantekeninge by 12t4 se Psalm 151, soos die feit dat die byvoeging wat aan die einde van vers 1 in die Elias-manuskripte voorkom, by 12t4 'n kantlynaantekening is. Hy wys ook op 'n variant wat in vers 4 voorkom, waar 12t4 en die Elias-manuskripte *šlh* het, wat in die kantlyn tot *šdr* verander is. Hy sê dat daar twee manuskripte buite die groep met die apokriewe psalms is wat ook die lesing het (Baars dui eintlik drie aan). Hy wys ook op die unieke plus by vers 7<sup>24</sup>. Sy interpretasie van die psalm as geheel is steeds soos in 1963.

In 1983 het Wigtil 'n artikel gepubliseer waarin hy aan die vraag aandag gegee het of die Siriese Psalm 151 van die Grieks vertaal is en of dit onafhanklik daarvan uit 'n Hebreeuse oorspronklike teks vertaal is. In sy bespreking gee hy veral aandag aan die vorme van werkwoorde, die opskrif in die verskillende weergawes, woordkeuse in die algemeen en 'n vergelyking van saamgestelde woorde met die ooreenstemmende gedeeltes in die Siries<sup>25</sup>. Sy bevinding is dat die Siries 'n vertaling van die Grieks is en nie van die Hebreeus nie.

In 1988 het Haran 'n belangrike artikel gepubliseer waarin hy probeer aantoon dat daar twee teksvorme van Psalm 151 was. Hy beskou die Qumran Psalm 151 as uitbreidend en laat<sup>26</sup>. Verder oordeel hy, *contra* Sanders, dat die *LXX* Psalm 151 nie 'n kombinasie van twee werke is nie<sup>27</sup>. Op sy standpunt sal daar later breedvoerig teruggekom word.

### 3 VERTALINGS

Ter wille van die bespreking is dit noodsaaklik om die weergawes van die psalm in Grieks, Hebreeus en Siries te vertaal.

#### 3.1 Psalm 151 in Grieks

Hierdie psalm is 'n eie geskrif van Dawid en buite die getal. Toe hy alleen met Goliat geveg het.

- 1 Ek was klein onder my broers  
en die jongere in die huis van my vader.  
Ek het die skape van my vader opgepas.
- 2 My hande het 'n musiekinstrument gemaak;  
my vingers het 'n harp saamgestel.

- 3 En wie sal aan my Here bekend maak?  
Die Here self, Hy hoor.
- 4 Hy het sy boodskapper gestuur  
en hy het my geneem van die skape van my vader  
en hy het my gesalf met sy salfolie.
- 5 My broers was mooi en groot,  
maar die Here het Hom nie in hulle verheug nie.
- 6 Ek het uitgegaan om die Filistyn te ontmoet  
en hy het my by sy afgode vervloek.
- 7 Ek het, nadat ek sy swaard uitgetrek het,  
hom onthoof en die smaad van die kinders van Israel weggeneem.

## 3.2 Psalm 151 in Siries

### 3.2.1 Psalm 151 volgens 12t4

Hierdie psalm word deur 'n hele lang inleiding voorafgegaan in die manuskrip 12t4. Ter wille van volledigheid word die hele inleiding en opskrif hier aangehaal:

“Die een honderd een en vyftigste. Dit kom nie in die Hebreus voor nie. 'n Inleiding tot die psalm uit die werk van Eusebius bestaan nie. En uit die van Athanasius, wat die woorde van die roem in die Here uitspreek: ‘Maar selfs toe jy die kleinste was, is jy uitverkies tot een of ander nut vir jou broers. Jy is nie oor hulle verhef nie. Maar sing wanneer jy die eer gee aan die Here wat jou uitverkies het’. Die salige heer Theodorus, die kommentator, het nie 'n inleiding opgestel nie. In die Siriese kopieë is dit sy nommer. Van Dawid, toe hy alleen teen Goliat geveg het”.

- 1 Ek was klein onder my broers  
en 'n kind in die huis van my vader.  
Ek het die kudde van my vader opgepas.
- 2 My hande het musiekinstrumente gemaak  
en my vingers het liere saamgestel.
- 3 En wie sal aan my Here bekend maak:  
Hy is die Here, Hy is my God.
- 4 Hy het sy boodskapper gestuur  
en hy het my weggeneem van die skape van my vader  
en hy het my gesalf met die salf van sy salwing.

- 5 My broers was mooi en groot,  
maar die Here het Hom nie in hulle verheug nie.
- 6 Ek het uitgetrek om die Filistyn te ontmoet  
en hy het my by sy afgode vervloek.
- 7 Ek het, toe ek sy swaard uitgetrek het,  
sy kop afgekap en die smaad weggeëem van die kinders van Israel.

Psalm 151 kom ook in die manuskrip 6h22 voor, waarna reeds verwys is. Die teks is ouer as die Sirohexaplar. Dit is onmoontlik om hier aan al die variante van Psalm 151 in manuskripte van die Peshitta en die Sirohexaplar aandag te gee. Die manuskrip 6h22 bevat die oudste bekende weergawe van Psalm 151 in Siries. In sy uitgawe het Baars voetnote wat verwys na tien Peshitta manuskripte en vyf manuskripte van die Sirohexaplar. Die inleiding en opskrif verskil van 12t4, terwyl die psalm self grotendeels met 12t4 ooreenstem, met enkele kleiner stilistiese afwykings, wat op sigself belangrik is, maar nie 'n ander weergawe van die psalm veronderstel nie. Ter wille van die bespreking word net die inleiding en opskrif hier weergegee:

“Die een honderd een en vyftigste. Hierdie psalm is deur Dawid self geskryf en dit is buite die getal, toe hy alleen teen Goliat geveg het”.

### **3.2.2 Psalm 151 volgens die ander Siriese manuskripte wat die vyf apokriewe psalms bevat**

Hierdie ander manuskripte verskil op plekke van 12t4 en 6h22, ook wat die inleiding en opskrif betref. Ter wille van volledigheid word 'n vertaling van die geheel gebied.

Weer: “Vyf Psalms van Dawid wat nie geskryf is in die ry van die psalms nie. 'n Danklied van Dawid”.

- 1 Ek was klein onder my broers  
en 'n kind in die huis van my vader.  
Ek het die kudde van my vader opgepas.  
En ek het 'n leu gevind, ook 'n beer  
en ek het hulle gedood en hulle verskeur.
- 2 My hande het musiekinstrumente gemaak  
en my vingers het liere saamgestel.
- 3 Wie sal vir my aan my Here bekend maak:  
Hy is my Here, Hy is my God.

- 4 Hy het sy boodskapper gestuur  
en hy het my weggeneem van die skape van my vader  
en hy het my gesalf met die salf van salwing.
- 5 My broers was mooi en groot,  
die Here het Hom nie in hulle verheug nie.
- 6 En ek het uitgetrek om die Filistyn te ontmoet  
en hy het my by sy afgode vervloek.
- 7 Ek het sy swaard uitgetrek,  
en ek het sy kop afgekap en die smaad weggeneem van die kinders  
van Israel.

Daar kom ook kleiner, veral stilistiese variasies voor.

### 3.3 Die Hebreeuse Psalm 151

In Qumran kom daar twee psalms voor wat albei verband hou met die Siriese en Griekse weergawes. Hulle word gewoonlik Psalm 151A en 151B genoem.

#### 3.3.1 Psalm 151A

Halleluja, van Dawid die seun van Isai.

- 1 Ek was die kleinste van my broers,  
die jongste van die seuns van my vader.  
Hy het my aangestel as herder van sy kudde  
en as heerser oor sy bokke
- 2 My hande het 'n fluit gemaak  
en my vingers 'n lier.  
En ek het eer aan die Here gegee  
en ek het by myself gespreek.
- 3 Die berge getuig nie van hom nie  
en die heuwels maak nie bekend nie.  
Die bome het my woorde verhoog  
en die kleinvee my werke.
- 4 Want wie kan bekend maak en wie kan spreek  
en wie kan die dade van die Heer vertel?  
God sien alles,  
Hy hoor en Hy luister na alles.

- 5 Hy het sy profeet gestuur om my te salf,  
 Samuel om my groot te maak.  
 My broers het uitgegaan om hom te ontmoet,  
 mooi van gestalte en mooi van voorkoms.
- 6 Hulle hoogte was groot  
 en hulle hare was mooi,  
 die Here God het hulle nie verkies nie.
- 7 Maar Hy het gestuur en my geneem van agter die kleinvee,  
 Hy het my gesalf met heilige olie  
 en Hy het my 'n leier van sy volk gemaak  
 en 'n heerser oor die kinders van sy verbond.

### 3.3.2 Psalm 151B

Aan die begin van Dawid se mag, nadat die profeet van God hom gesalf het.

- 1 Toe het ek 'n Filistyn gesien  
 wat gesmaad het uit die slagordes van die Filistyne  
 ... ek ... die ...

### 3.4 Die Hebreeuse Psalm 151

Sanders dateer die Psalmrol in die eerste helfte van die eerste eeu nC tussen 30 en 50 nC<sup>28</sup>. Sanders het daarop gewys dat die opskrif van Psalm 151 in die *LXX* (en die *Vetus Latina*) nie met die opskrif in 11QPs<sup>a</sup> verbind kan word nie<sup>29</sup>. Hy het wel nie geweet van die opskrif van 12t4 of 6h22 nie, aangesien hy stel dat die *LXX* se opskrif ook nie met die opskrif in die Siries verbind kan word nie. Haran oordeel dat die halleluja nie in die opskrif van Psalm 151 in 11QPs<sup>a</sup> hoort nie en dat dit oorgedra is van die einde van 'n voorafgaande Psalm, soos byvoorbeeld 150<sup>30</sup>. Die basiese opskrif in 11QPs<sup>a</sup> is dus eintlik net: “Vir Dawid”. Verder oordeel Haran dat die uitbreiding “die seun van Isai” moontlik een van die uitbreidings van die skrywers te Qumran is<sup>31</sup>. Verder meen hy dat die kort titel, sonder die verwysing na Goliat, moontlik die oorspronklike kan wees, omdat daar geen titel in die psalms in die Masoretiese Teks is met 'n verwysing na Goliat nie. Sulke verwysings kom wel by die *LXX* voor, in Psalm 151 en ook in Psalm 143:1.

Wacholder stel in sy bespreking van die opskrif van Psalm 151 dat die Bybel twee Dawids skilder, naamlik die historiese een van Samuel en



die geïdealiseerde een van Kronieke. In die psalmopskrifte is daar soms 'n band tussen die eerste en tweede Dawid, maar in die psalms self is daar min wat met die eerste Dawid verbind kan word<sup>32</sup>. In die titel van Psalm 151 by Qumran word Dawid die seun van Isai genoem. Psalm 151A en 151B is besig met die probleem van die verhouding tussen Dawid as die geïnspireerde psalmis en die historiese Dawid as herder en kryger in Saul se diens. Wacholder gee ook aandag aan die verskil tussen hierdie opskrif en die LXX, waar hy met Sanders saamstem dat dit daar veral gaan om die gesag van die psalm aan te toon. By Qumran was daar soos wat dit uit die opskrif blyk, nie twyfel oor die gesag van die psalm nie. Hy sê dat Sanders meen die Hebreeuse en Griekse opskrifte onafhanklik is, maar dink self dat dit nie so duidelik is nie. Die Griekse titel kan teruggaan na 'n Hebreeuse weergawe wat nou verlore is. Die kopieerder van 11QPs<sup>a</sup> kon dan die titel verander het om weg te kom van die polemiese aard van die Hebreeuse *Vorlage* van die Griekse titel en deur die verandering wou hy dan twyfel uit die weg ruim. Hy meen dat die opskrif van die Hebreeuse *Vorlage* van die LXX die oudste moes gewees het.

QPsalm 151:1-7 is volgens Sanders 'n poëtiese *midrasj* op 1 Samuel 16:1-13<sup>33</sup>. In 1 Samuel 16:7 word gesê dat die Here nie na die uiterlike kyk nie, maar na die mens se hart. Hier word volgens Sanders dus uitgebrei op wat in Dawid se hart gesien is.

Indien op die inhoud van QPsalm 151A gelet word, het hierdie standpunt van Sanders baie meriete. Vers 1 wys daarop dat Dawid die jongste van sy broers was en as skaapwagter opgetree het (1 Sam 16:11). Vers 2-4 brei uit op Dawid se musikale vermoëns, dat hy musiekinstrumente gemaak het en daarmee God se lof besing het. Vers 5-7 wys op Dawid se salwing, al was hy na voorkoms nie met sy broers te vergelyk nie (vgl 1 Sam 16:7 en 13). In hierdie psalm word van Goliat niks gesê nie. Hierdie psalm vorm inderdaad 'n mooi afgeronde eenheid.

QPsalm 151B moet duidelik as 'n afsonderlike komposisie beskou word<sup>34</sup> soos onder ander blyk uit die afsonderlike inleiding tot die psalm. Die psalm is te gebroke om veel daarvan af te lei, maar die verwysing na 'n Filistyn maak die verbinding aan die laaste gedeelte van LXX Psalm 151 vanselfsprekend.

Die vertaling van die teks wat hierbo gegee is, word gebaseer op Sanders se bespreking en indeling van Psalm 151A. Daar was egter persone wat die psalm anders indeel en vertaal. Dit verander nie aan die basiese teks nie, maar berus op 'n ander interpretasie en indeling van die teks. Rabinowitz<sup>35</sup> se indeling verskil by die oorgang tussen Sanders se vers 2 en 3 en ten opsigte van sake in Sanders se vers 4. Sanders neem die

gedeelte “en ek het by myself gesprek” as die einde van sy vers 2, terwyl Rabinowitz dit aan die daaropvolgende gedeelte wil verbind<sup>36</sup>. In sy vers 4 vertaal Sanders מעשי ארון as een frase (“die werke van die Heer”), terwyl Rabinowitz vertaal “my werke” en dan ארון הכול as ’n frase hanteer, met ’n verwysing na “die Heer van alles”<sup>37</sup>. Rabinowitz se vertaling is heel logies en dit is moeilik om ’n keuse te maak. Verder lees Rabinowitz nie die woord עלו in Sanders se vers 3 nie, maar wel עלי (“on my behalft”)<sup>38</sup>. Dieselfde lesing is reeds deur Skehan voorgestel<sup>39</sup>. Dit is natuurlik ook moontlik. Hierdie woord val in die gedeelte wat nie in die LXX voorkom nie, sodat die Grieks nie kan help om die saak te besleg nie. Vir ’n oorsig oor voorgestelde oplossings vir hierdie problematiese reëls, vergelyk die artikel van Smith<sup>40</sup>. Sy eie oplossing is egter ook onbevredigend, omdat dit nie die saak van ’n werkwoord vir sy reëls 11 en 12 oplos nie en steeds ’n moeilik leesbare teks laat. Verdere verskille tussen Sanders en Rabinowitz se tekste hou veral verband met die vraag of ’n sekere teken ’n *waw* of ’n *yod* is.

Delcor maak, op grond van die uitdrukking “die kinders van sy verbond” aan die einde van Psalm 151A die afleiding dat hierdie psalm, wat in sy oorsprong nie Esseens is nie, by Qumran ’n Esseense messiaanse interpretasie gekry het<sup>41</sup>. Hierdie gedeelte kom nie in die Grieks voor nie.

### 3.5 Die Griekse Psalm 151

Sanders en Strugnell<sup>42</sup> beskou die LXX weergawe van Psalm 151 groten-deels as betekenisloos. Sanders is ook daarvan oortuig dat die Siries ’n vertaling van die LXX is en nie van ’n Hebreeuse teks nie. Strugnell het hiervan ’n lang bespreking. Sonder om op al die detail in te gaan, is sy argumente wel oortuigend. Sy poging om die Griekse oorsprong van die Siriese 3b te verklaar, is ’n goeie moontlikheid.

Haran is van mening dat die opskrif in die LXX impliseer dat hierdie psalm tot die LXX bygevoeg is nadat die Psalmboek klaar vertaal is<sup>43</sup>. Dit is dus een van die latere vrugte van die Bybelse literatuur waarvoor daar wel ’n plek in die Griekse kanon gevind is. Die besondere klem van die opskrif in die LXX is dat die psalm ’n *idiographus* van Dawid is, waardeur die vertaler twyfel uit die weg wou ruim rakende die outeurskap van die psalms. Haran meen dat die Griekse vertaler die volgende Hebreeuse opskrif voor hom gehad het: לדוד בהלחמו את גלית (“Van Dawid, toe hy met Goliath geveg het”)<sup>44</sup>.

In die vergelyking van Psalm 151 in die LXX en in Q moet in gedagte gehou word dat die LXX se weergawe 200 jaar ouer is as die Hebreeuse weergawe.

Vir die verhouding van die Griekse Psalm 151 tot QPsalm 151 is die artikel van Haran belangrik. Hy wys daarop dat met die publikasie van 11QPs<sup>a</sup> baie vinnig aanvaar is dat Psalm 151A en B op 'n manier ten grondslag van die *LXX* se Psalm 151 lê en dat die *LXX* Psalm 151 'n verwerkte en verkorte weergawe daarvan is<sup>45</sup>. Haran maak basies twee stellings, naamlik dat QPsalm 151 laat en uitbreidend is, terwyl die *LXX* se Psalm 151 nie 'n kombinasie van twee werke is nie. Ter ondersteuning van die eerste stelling wys hy op die laat-Hebreeuse elemente in die Qumran Psalm<sup>46</sup>. Die laat-Hebreeuse elemente kom almal voor in die gedeeltes van QPsalm 151 wat nie ooreenstemmende gedeeltes in die *LXX* het nie<sup>47</sup>. Hy oordeel dus dat die *Vorlage* van die *LXX* nader aan die oorspronklike Psalm is as wat die geval is met Psalm 151<sup>48</sup>.

Ter ondersteuning van sy tweede stelling, dat die *LXX* Psalm 151 nie 'n samestelling van twee oorspronklik afsonderlike liedere is nie, gee Haran besondere aandag aan die opskrif van Psalm 151B<sup>49</sup>. Hy wys byvoorbeeld daarop dat die oop gedeelte wat volg na die einde van Psalm 151A, nie noodwendig beteken dat 'n nuwe lied daarna begin nie, aangesien dit ook elders in die rol voorkom dat binne 'n psalm 'n spasie oopgelaat kan word. Die sogenaamde opskrif begin met 'n verwysing na Dawid se salwing, wat ook aan die einde van Psalm 151A voorkom. Hy meen dat hiermee die gedeelte oor die Filistyn sterker aan die voorafgaande salwing verbind is as wat in die *LXX* die geval is. Teenoor Sanders se gedagte van twee afsonderlike psalms, wil Haran net een psalm sien. Hy gee wel toe dat die begin van Psalm 151B 'n soort subtitel is en meen dus dat die kopieerder van Qumran 'n oorspronklike enkele psalm in twee gedeeltes het.

Haran het beslis gelyk dat met die ontdekking van 11QPs<sup>a</sup> te gemaklik aanvaar is dat daarmee die Hebreeus onderliggend aan die *LXX* Psalm 151 gevind is. Ten opsigte van Psalm 154 en 155 is dieselfde afleiding gemaak, terwyl dit duidelik is dat die oorleweringsgeskiedenis van dié twee psalms baie meer kompleks as dit is.

### 3.6 Die Siriese Psalm 151

Strugnell het daarop gewys dat wat die Siriese Psalm 151 betref, vier tipes van manuskripte onderskei moet word, naamlik die manuskripte van die Sirohexaplar, Peshitta-manuskripte, 12t4 en die ander manuskripte wat die vyf Siriese apokriewe psalms bevat<sup>50</sup>. Volledigheidshalwe moet hier 'n vyfde klas bygevoeg word, naamlik die kantlynaantekeninge in 12t4, wat soms met die vierde tipe ooreenstem.

### 3.7 Die kantlynaantekeninge in 12t4 en ander variante in die Siriese manuskripte

Sewe korreksies en sewe kantlynaantekeninge kom in 12t4 by Psalm 151 voor. Baars noem die aantekeninge in die teks korreksies, maar hulle kan eerder as pseudo-korreksies beskou word. Hulle verteenwoordig nie korreksies in die sin dat hulle foute in die teks korrigeer nie, maar gee eerder alternatiewe in gevalle waar die teks wel sin maak. Baie van hierdie pseudo-korreksies stem met die lesings in die ander manuskripte van die vyf Siriese apokriewe psalms ooreen.

Van die sewe korreksies in Psalm 151 kan net een as 'n ware korreksie beskou word. In die opskrif het die teks *'ktb*, wat gekorrigeer is tot *'ktš*. Die ander korreksies is almal pseudo-korreksies. Sommige van die pseudo-korreksies bestaan bloot uit die byvoeging of weglating van *w* aan die begin van 'n vers of 'n nuwe frase in 'n vers. Die weglating van *w* kom voor in verse 3 en 5 en die byvoeging in vers 7. In al drie gevalle stem die korreksie met die lesing van die ander manuskripte ooreen. 'n Ander korreksie is die weglating van *kd* in vers 7, soos die ander manuskripte. Die twee oorblywende korreksies kom in verse 4 en 7 voor. 12t4 het *dmšyḥwth* in vers 4 en die korreksie is *dmšyḥwt'*, soos in al die ander manuskripte. In vers 7 het 12t4 *bny' dysryl* teenoor die *bny ysryl* van die korreksie en al die ander Siriese manuskripte. Dat hierdie ses korreksies pseudo-korreksies is, word bevestig deur die voorkoms van vyf van hulle (met die uitsondering van die byvoeging van *w* voor *psqt* in vers 7) in die weergawe van Psalm 151 in manuskripte van die Peshitta en die Siro-hexaplar. Hulle korrigeer nie foute in die teks van Psalm 151 in 12t4 nie, maar reflekteer 'n ander tradisie in die oorlewering van die psalm as deel van die *corpus* van Siriese apokriewe psalms.

Van die sewe kantlynaantekeninge in 12t4 is vier variante wat met die lesing van al die ander manuskripte van die vyf apokriewe psalms ooreenstem. In vers 1 voeg die kantlyn *'yty* by *z'wr'*. Dit is ook die lesing van 6h22. Aan die einde van vers 1 kom 'n lang byvoeging voor: *w' škt 'ry' 'p d'b' wqłt 'nwn wphšt 'nwn*. Dit is 'n uitsonderlike lesing wat net in 12t4<sup>mg</sup> en die ander manuskripte met die Siriese apokriewe psalms voorkom. Dit versterk die band tussen Psalm 151 en Psalm 152 en 153<sup>51</sup>. In vers 3 het 12t4 *hwyw* twee keer. In die eerste geval het die kantlyn en al die ander manuskripte *hw*, soos 6h22 en al die ander Peshitta- en Sirohexaplariese manuskripte deur Baars gebruik. Ook in vers 3 voeg die kantlyn en al die ander manuskripte van die apokriewe psalms *dyly* by *mry'*. Pleks van die tweede *hwyw* in vers 3 lees die kantlyn *hw*, soos 19E2<sup>1</sup> en 6h22, terwyl die ander manuskripte *hw'* het.

Die kantlyn het egter twee lesings wat nie in die ander manuskripte van die apokriewe psalms voorkom nie. In vers 4 lees dit *šdr* plaas van *šlh*. Hierdie lesing kom wel voor in drie van die Peshitta-manuskripte wat Psalm 151 bevat. In vers 7 voeg dit *bhyl 'lhy* by *syph*. Hierdie lesing kom nêrens anders voor nie.

Die korreksies en kantlynaantekeninge wat in Psalm 151 voorkom, kan in die volgende groepe verdeel word:

- 1 Korreksies sonder ooreenstemmende lesings in die ander manuskripte van die apokriewe psalms: opskrif.
- 2 Pseudo-korreksies in 12t4 wat met die ander manuskripte ooreenstem: verse 3, 4, 5 en 7 (drie gevalle).
- 3 Kantlynaantekeninge wat met al die ander manuskripte ooreenstem: vers 1 (twee gevalle) en 3 (twee gevalle).
- 4 Kantlynaantekeninge wat met een van die ander manuskripte ooreenstem: vers 3.
- 11 Unieke lesings: verse 4 en 7.

Baie van die korreksies en variante in die kantlyn van 12t4 hou verband met die Siriese transmissie van die psalm, soos die lesing *'yry* in vers 1 en die variant aan die einde van vers 7. Hulle is bloot stilistiese variante.

Psalm 151 is 'n vertaling uit die Grieks. Die korreksie in die opskrif hou met die Grieks verband, asook met die lesing in 6h22, terwyl al die ander Siriese manuskripte 'n ander opskrif het. Die byvoeging aan die einde van vers 1 kom net in die kantlyn en die ander manuskripte met die apokriewe psalms voor. In die geval van die pseudo-korreksies aan die begin van vers 3 en die begin van die tweede helfte van vers 5 (die weglating van *w*) en aan die einde van vers 4 (die weglating van die voornaamwoordelike suffiks) stem 12t4 met die Grieks ooreen. In vers 7 kom twee pseudo-korreksies voor, wat albei met die lesing van die ander manuskripte ooreenstem. Dit is die weglating van *kd* in die eerste sin in die vers en die byvoeging van *w* voor *psqt*. Die twee variante hou met mekaar verband. Met *kd* funksioneer die eerste sin as 'n bywoordelike frase by die tweede sin en sonder *kd* word 'n newskikkende konstruksie gebruik, met *w* wat die tweede sin inlei. Beide die stelling variante is goeie weergawes van die Grieks, wat 'n *aoristus* medium deelwoord gebruik met die voornaamwoord as onderwerp in die eerste frase.

Baars het gesê dat die teks van die kantlynaantekeninge die lesings van al die ander Siriese manuskripte volg<sup>52</sup>. Dit is wel so met die meeste van die aantekeninge, maar nie in alle gevalle nie. In Psalm 151 is daar 14

kantlynaantekeninge en korreksies. Tien hiervan stem met die lesings van die ander manuskripte met die Siriese apokriewe psalms ooreen, terwyl vier nie met die ander manuskripte ooreenstem nie. Verder is daar vier variante in al die ander manuskripte wat nie in die kantlynaantekeninge of korreksies voorkom nie.

Die eerste van hierdie ander vier variante is die opskrif, wat in die volgende afdeling volledig bespreek sal word. In vers 3 voeg al die ander manuskripte met die Siriese apokriewe psalms *ly* in na *mw*'. Aan die einde van vers 3 het 12t4 die woorde '*lh*' *dyly*. 6h22 het bloot '*lhy*'. Die lesing van tien van die Peshitta- en Sirohexaplariëse manuskripte in Baars se apparaat is dieselfde as 12t4 en vier het dieselfde lesing as 6h22. Die ander manuskripte met die apokriewe psalms lees egter '*lhy dyly*', 'n lesing wat in geen ander getuie voorkom nie. In vers 6 voeg al die ander manuskripte *w* voor *npqt*. Ook hierdie lesing kom in geen van die Peshitta- of Sirohexaplariëse manuskripte voor nie.

### 3.8 Die inleidings tot en opskrifte van die Siriese Psalm 151

Oor die algemeen het geleerdes nie baie aandag aan die opskrifte van die Siriese psalms gegee nie. Dit is reeds die geval in Noth se bespreking, wat maar enkele opmerkings oor die opskrifte het. In al die manuskripte wat die vyf apokriewe psalms bevat, kom daar voor Psalm 151 'n algemene inleiding voor. Daar is ook sekere Siriese psalmtekste wat Psalm 151 bevat, wat ook deur 'n inleiding voorafgegaan word. Hierdie inleiding toon in sommige gevalle 'n ooreenkoms met die inleiding van Psalm 151 in die LXX. Die opskrif van 6h22 is 'n tipiese voorbeeld van die opskrifte en inleidings wat in die Peshitta psalm-manuskripte met Psalm 151 wat daarin, voorkom. In die samestelling van die teks van Psalm 151 volgens die Peshitta psalm-manuskripte het Baars van vyftien manuskripte gebruik gemaak, naamlik tien Peshitta-manuskripte en vyf van die Sirohexaplar. In hierdie manuskripte kom 'n aantal variante op die teks van 6h22 voor, waarvan sommige minder en sommige meer belangrik is. So laat 7t3 die getal 151 weg. Daar is ook heelwat van die manuskripte wat 'n byvoeging soos die volgende of iets soortgelyks aan die einde het: "Hy word nie gevind in al die kopieë nie". Dit kan met die slotopmerking in 12t4 vergelyk word.

Noth meen dat die opskrif van die Siriese psalm ten doel het om die gebeure van die psalm aan spesifieke gebeure in die lewe van Dawid te verbind. Die psalm self is reeds duidelik in Dawid se mond geplaas, selfs sonder die opskrif<sup>53</sup>.

Wigtig bespreek die volgorde van die vertalings van Psalm 151 en gee in sy bespreking aandag aan die opskrifte van die psalm in die verskillende vertalings<sup>54</sup>. Hy wys daarop dat die Siriese tradisie nie eenstemig oor die teks van die opskrif is nie. In die kanonieke Psalmbundel begin die opskrif met die getal 151, en dan volg daar 'n opskrif wat ooreenstem met die begin van die Griekse opskrif. Daarop volg 'n gedeelte oor Dawid en Goliat. Hy verwys ook na die lang inleiding tot 12t4 en na die verdere opskrif, wat ook na Dawid en Goliat verwys. Hy verwys egter nie na die opskrif by die ander Siriese manuskripte nie. Sy standpunt is dat die Siriese opskrif meer verwant aan die Grieks as aan die Hebreeus is en dat 'n mens dus moes veronderstel dat daar 'n soortgelyke opskrif in 'n verlore Hebreeuse weergawe van Psalm 151 sou wees as 'n mens die Siries direk afhanklik van die Hebreeus wou stel.

Strugnell aanvaar ook dat 'n Hebreeuse *Vorlage* ten grondslag van die LXX lê en dat die LXX 151A en B gekombineer het<sup>55</sup>. Hy wys daarop dat die titel van die LXX nie met die Hebreeus verwant is nie en dat die halleluja van die Qumranteks aan die einde van Psalm 150 kon gekom het<sup>56</sup>. Hy haal woorde van Athanasius in sy brief aan Marcellinus aan, wat ook in die inleiding van 12t4 aangehaal word<sup>57</sup>. Dit is 'n belangrike aanhaling, juis omdat die woorde van Athanasius nie volledig in die inleiding in 12t4 aangehaal word nie, wat die inleiding moeiliker maak om te verstaan. Die woorde eindig in die aanhaling met 'n imperatief, wat eintlik gerig was tot die leser van die brief van Athanasius. Hy word aangespoor om in sekere omstandighede Psalm 151 te sing, in 'n gedeelte waar verskillende psalms vir verskillende omstandighede aanbeveel word. Die Grieks kan soos volg vertaal word:

“As jy, terwyl jy klein is, verkies word tot een of ander leier van jou broers, word jy nie oor hulle verhef nie, maar sing, terwyl jy aan God die eer gee, Psalm 151, wat 'n eie een is van Dawid”.

In die aanhaling van die inleiding in 12t4 word “Psalm 151, wat 'n eie een is van Dawid”, weggelaat, sodat 'n mens die aanhaling moeilik kan verstaan sonder om na die oorspronklike te verwys. Die oorspronklike handel oor 'n aanbeveling aan Marcellinus om nederig te bly wanneer hy in 'n gesagsposisie gestel word. Die skrywer van die inleiding in 12t4 moes dus kennis gedra het van hierdie brief van Athanasius (vgl *Patrologiae Graeca* 27:37).

Skehan gee meer volledig aandag aan die opskrifte van die Siriese psalms asook aan die inleiding tot Psalm 151 in 12t4<sup>58</sup>. Die Siriese psalmtekste wat die inleiding het, sluit direk by die LXX aan. Die onderskrif na die vyf psalms wys dat die afskrywer afhanklik was van 'n Siriese bron vir

al vyf. Die opskrif van die ander manuskripte, wat met “weer” begin, toon duidelik aan dat die oorskrywer hierdie psalms van die kanonieke psalms onderskei.

Ook Sanders onderskryf die standpunt dat die Siriese Psalm 151 van die *LXX* afhanklik is<sup>59</sup>. Sanders stel dat die opskrifte van die *LXX* en *Vetus Latina* glad nie met die opskrif van Qumran of die Siries vergelyk kan word nie<sup>60</sup>. Hy wys daarop dat die drie belangrike elemente van die *LXX* by Qumran ontbreek. Dit is naamlik die gedagte dat dit ’n *idiographus* van Dawid is, dat dit aan Goliat verbind is en dat dit nie ’n kanonieke psalm is nie. In sy samevatting stel hy dat die opskrif in die *LXX* laat is, en dat hoewel die Siriese opskrif nader aan die van Qumran is, is dit baie waarskynlik dat die drie opskrifte onafhanklik van die psalm en van mekaar is<sup>61</sup>. Sanders het van die bestaan van 12t4 gewete en maak opmerkings in die verband, maar hy was duidelik nie bewus van die opskrif van 12t4 nie.

Wat die inleiding tot die vyf Siriese psalms betref, moet die verskil tussen 12t4 en die ander Siriese manuskripte in ag geneem word. Die nommers van die psalms word net in 12t4 aangetref en nie by die ander manuskripte nie. Tog is nommer 151 nie ’n uitvinding van die oorskrywer van 12t4 nie, aangesien die nommer ook in 6h22, die Siriese weergawe van die kommentaar van Athanasius voorkom, asook baie pertinent in die brief van Athanasius aan Marcellinus, waar die getal met die letters PNA’ aangedui word. Die feit dat die woorde van Athanasius se brief deur 12t4 aangehaal word, maak die oorskrywer, wat die getal betref, direk of indirek van Athanasius afhanklik. Die afhanklikheid van die oorskrywer van Athanasius blyk nog verder uit die opskrif van 12t4 by Psalm 151, na die inleiding, waar na Athanasius verwys is. Die *LXX* noem die psalm ’n *ιδιόγραφος* van Dawid, wat in die Siries van Athanasius weergegee word as sou die psalm deur Dawid geskryf gewees het. Die verwysing dat die psalm buite die getal is (dit wil sê, nie-kanoniek), kom nie in 12t4 se inleiding voor nie, maar wel in die slotskrif wat na Psalm 155 aangetref word. Dit kan dus aanvaar word dat wat die nommer en inleiding betref, die oorskrywer van 12t4 van Athanasius afhanklik is. Ook die weergawe van die werkwoord in Grieks (*ἐμονομάχησε*) sluit direk by die weergawe in die Siriese Psalmkommentaar van Athanasius aan. Sowel die opskrif as die slotskrif maak, weer in aansluiting by Athanasius, ’n duidelike onderskeid tussen die voorafgaande kanonieke psalms en hierdie vyf apokriewe psalms. Die ander manuskripte wat deur Baars in sy kritiese teks gebruik is, het ’n ander inleiding as die een van 12t4. Hierin word die psalms ook duidelik afgebaken van die inhoud van die res van die manuskripte.

Die verwysing na Goliat in die opskrif van 12t4 kom ook via Athanasius, wat weer van die *LXX* afhanklik is, alhoewel die plasing van



Psalm 151 tussen die apokriewe psalms, teenoor die *LXX*, opgemerk moet word. Hierin volg 12t4 ook vir Eusebius, Athanasius en Theodorus van Mopsuestia.

In Psalm 151 self word 'n lied aangetref wat aan Dawid toegeskryf word waarin Dawid se uitverkiesing tot koning beklemtoon word en waarin teen die einde (moontlik in aansluiting by die beskadigde Psalm 151B van Qumran) Dawid se oorwinning oor Goliat verhaal word. Die opskrif in 12t4 en die *LXX* sluit by hierdie laaste gedeelte van die psalm aan. Die opskrif van Psalm 151A in 11QPs<sup>a</sup> het nie die verwysing na Goliat nie, maar dit is nie vreemd nie, aangesien Psalm 151A self ook nie 'n verwysing na Goliat het nie. Die ander Siriese manuskripte se opskrif - 'n danklied van Dawid - verbind die psalm wel aan Dawid, maar nie spesifiek aan die Goliat-episode nie. In die opsig is daardie manuskripte nader aan Qumran, wat tog opmerklik is, omdat 12t4 se teks gewoonlik nader aan Qumran is wanneer 12t4 en die ander manuskripte van mekaar verskil. In elk geval kom daar in die Siriese manuskripte twee tradisies oor die opskrif voor, waarin 12t4 deur Athanasius beïnvloed is en die ander manuskripte se opskrif moontlik verband hou met 'n opskrif in 'n verlore Hebreeuse *Vorlage* wat verwant aan Psalm 151A en 151B van Qumran kon gewees het.

### 3.9 Die verhouding tussen die Siriese Psalm 151 en die Hebreeuse en Griekse weergawes

Vir die verhouding van die Siriese Psalm 151 tot die Hebreeuse en Griekse weergawes is die artikel van Wigtil baie belangrik. Soos reeds aangedui, maak hy van vier stelle gegewens gebruik om die verhouding te bepaal. Dit is naamlik die werkwoordsvorme, die opskrif in die verskillende vertalings, woordkeuse in die algemeen en 'n vergelyking van Griekse saamgestelde woorde met die ooreenstemmende gedeeltes in Siries<sup>62</sup>. Hy gee 'n volledige bespreking van die vier sake, met baie voorbeelde. Wat die werkwoordsvorme betref, kan Wigtil se bespreking onderskryf word, naamlik dat daar 'n noue ooreenstemming tussen die Grieks en Siries is, met sekere vaste patrone wat opgemerk kan word<sup>63</sup>. Daar kan egter twee opmerkings gemaak word oor sy bespreking. Hy verwys na 'n Griekse werkwoord *είσακουσέι* wat in vers 3 sou voorkom en wat dan 'n futurum sou wees<sup>64</sup>. Die *LXX* het egter *είσακουέι*, terwyl daar wel 'n futurum in een van die manuskripte wat Rahlfs gebruik voorkom, maar dan met die vorm *είσακουσέται*. Verder sê Wigtil dat die Siriese werkwoord *lṭny* van 'n stam *lṭy* kom, terwyl dit van *lwf* is<sup>65</sup>.

Wigtil wys op die ooreenkoms wat die opskrif betref tussen die Siriese psalmt tekste en die *LXX*, asook op die ooreenkoms tussen die langer

inleiding by 12t4 en die *LXX*<sup>66</sup>. Hy gee egter nie aandag aan die opskrif wat voorkom in die ander Siriese manuskripte met die apokriewe psalms nie, 'n opskrif wat daarop dui dat die aanvanklike Siriese Psalm 151 dalk nie 'n opskrif gehad het nie. In een groep tekste is dan 'n opskrif wat met die *LXX* ooreenstem, bygevoeg en by die ander groep 'n heel ander opskrif, wat nog met die *LXX* nog met die Hebreeus verband hou.

Ook ten opsigte van woordkeuse het Wigtil 'n sorgvuldige en oortuigende studie gedoen<sup>67</sup>. Sy opmerkings kan wel op enkele punte aangevul word. In vers 1 het die Hebreeus die volgende frase: וְצִיִּיר מִבְּנֵי אָבִי. Die laaste gedeelte is in die Grieks nie “onder die broers van my vader” (soos Wigtil sê) nie, maar “in die huis van my vader”. Die Grieks word hierin deur die Siries gevolg. In vers 2 het die Grieks en Siries in die tweede helfte van die vers 'n werkwoord (“saamgestel, vervaardig”), terwyl die Hebreeus op die ooreenstemmende gedeelte nie 'n werkwoord het nie, maar die werkwoord van die eerste gedeelte van die vers weer veronderstel. Wat vers 3 betref, waar die Siries van die Grieks verskil, stem Wigtil met Strugnell saam<sup>68</sup>. Die werkwoord “hoor” kom in die Grieks en Hebreeus voor, maar nie in die Siries nie. Waarop Wigtil nie gewys het nie, is dat daar drie Peshitta en een Sirohexaplatiese manuskrip is wat wel die werkwoord “hoor” bevat. Dit is wel manuskripte uit die twaalfde, veertiende en sestiende eeu, sodat dit dalk blyke kan gee van 'n poging of pogings om die Siries met die *LXX* te versoen. Wigtil se argumente kan op sekere punte gekorrigeer word, maar sy basiese argument is oortuigend. Dat die Siriese teks van Psalm 151 van die *LXX* afhanklik is, is egter die waarskynlikste.

#### 4 SLOT

Uit die bestudering van die Siriese Psalm 151 in vergelyking met die weergawes van die psalm te Qumran en in die *LXX* vloei sekere gevolgtrekkings. Daar was duidelik meer as een Hebreeuse weergawe van die psalm in omloop. Een variant van die psalm het sy neerslag gevind in die Psalmrol van Qumran in grot 11. Dit is moontlik dat die oorspronklike eenheid van Psalm 151 te Qumran verbreek is, deur die skepping van twee Psalms, 151A wat op Dawid se roeping en salwing konsentreer en 151B wat veral met sy geveg met Goliat te doen het. 'n Ander variant van Psalm 151 het sy neerslag gevind in die *LXX* se weergawe, wat ook as die oorsprong van die Siriese weergawe beskou moet word. Soos in die bespreking aangedui kom daar verskillende tradisies voor ten opsigte van die opskrif. Hulle is onafhanklik van mekaar.

Die Siriese Psalm 151 het 'n eie ontwikkeling deurgemaak. Die weergawe van 6h22 is ouer as die weergawe van die Sirohexaplar, wat waarskynlik dus 'n bestaande vertaling van Psalm 151 oorgeneem het. Die weergawe van Psalm 151 in die manuskripte van Elias het ook 'n eie ontwikkeling deurgemaak, soos blyk uit die gemeenskaplike opskrif en die uitbreiding aan die einde van vers 1. Sommige van die manuskripte van Elias verteenwoordig wel 'n laat poging om hierdie weergawe van die psalm met die Sirohexaplar en later Peshitta-manuskripte te harmonieer.

#### NOTAS:

- 1 M Noth, "Die fünf syrisch überlieferten apokryphen Psalmen", *ZAW* 48 (1930), 1-23.
- 2 J A Sanders, *The psalms scroll of Qumran cave 11 11QP<sup>s</sup>*, *Discoveries in the Judean Desert* IV, Oxford 1965.
- 3 W Baars, *Apocryphal psalms. The Old Testament in Syriac*, Part IV, fascicle 6. Leiden 1972.
- 4 Noth, *a w*, 48.
- 5 Noth, *a w*, 12-20.
- 6 Noth, *a w*, 20-21.
- 7 Noth, *a w*, 21.
- 8 Noth, *a w*, 22.
- 9 Noth, *a w*, 21-22, voetnoot 2.
- 10 Noth, *a w*, 21-22 voetnoot 2, en M Philonenko, "L'origine essénienne des cinq Psaumes Syriaques de David", *Semitica* 9 (1959), 37.
- 11 Sanders, *a w*, 56.
- 12 Sanders, *a w*, 58.
- 13 Sanders, *a w*, 59-60.
- 14 Sanders, *a w*, 63-64.
- 15 W H Brownlee, "The 11Q Counterpart to Psalm 151:1-5", *Revue de Qumran* 15/4 (1963), 379-387.

- 16 P W Skehan, "The Apocryphal Psalm 151", *CBQ* 26 (1963), 407-409.
- 17 I Rabinowitz, "The alleged orphisms of 11QPSS 28 3-12", *ZAW* 76 (1964), 193-200.
- 18 J Strugnell, "Notes on the text and transmission of the apocryphal Psalms 151, 154 (= Syr. II0 and 155) (= Syr. III)", *HTR* 59 (1966), 259-261.
- 19 Strugnell, *a w*, 262.
- 20 Strugnell, *a w*, 265.
- 21 Strugnell, *a w*, 269.
- 22 Strugnell, *a w*, 270-271.
- 23 P W Skehan, "Again the Syriac Apocryphal Psalms". *CBQ* 38 (1976), 143-158.
- 24 Skehan, *a w*, 145-146.
- 25 D N Wigtill, "The sequence of the translations of Apocryphal Psalm 151", *Revue de Qumran* 11/43 (1983), 402.
- 26 M Haran, "The two text-forms of Psalm 151", *Journal of Jewish Studies* 39 (1988), 178.
- 27 Haran, *a w*, 178-181.
- 28 Sanders, *a w*, 9. Vergelyk ook P W Flint, The Psalms Scrolls from the Judaeen desert: relationships and textual affiliations in: *New Qumran texts and studies* (Proceedings of the First Meeting of the International Organization for Qumran Studies, Paris 1992, Edited by G J Brooke), Leiden 1994, 33.
- 29 Sanders, *a w*, 58.
- 30 Haran, *a w*, 181-182.
- 31 Haran, *a w*, 181-182.
- 32 B Z Wacholder, "David's eschatological Psalter 11QPsalms<sup>a</sup>", *Hebrew Union College Annual* 59 (1988), 57-60.
- 33 Sanders, *a w*, 56.
- 34 Vergelyk ook R Meyer, Die Septuagint-Fassung van Psalm 151:1-5 als Ergebnis einer dogmatischen Korrektur, in: *Das ferne und nahe Wort Leonard Rost Festschrift*, (F Maas Hrsg), Berlin 1967, 164-165.

- 35 Rabinowitz, *a w*.
- 36 Rabinowitz, *a w*, 194-196. Vergelyk ook Skehan, *a w*, 1963, 408-409.
- 37 Rabinowitz, *a w*, 194-196. Skehan, *a w*, 1976, 147 wil nie hierdie voorstel aanvaar nie.
- 38 Rabinowitz, *a w*, 195-197.
- 39 Skehan, *a w*, 1963, 407.
- 40 M Smith, "Psalm 151, David, Jesus, and Orpheus", *ZAW* 93 (1981), 251-253.
- 41 M Delcor, "Zum Psalter von Qumran", *BZ* 10 (1966), 20-21.
- 42 Strugnell, *a w*, ,259.
- 43 Haran, *a w*, 171.
- 44 Haran, *a w*, 181.
- 45 Haran, *a w*, 172.
- 46 Haran, *a w*, 172, 174-176.
- 47 Haran, *a w*, 176-177.
- 48 Haran, *a w*, 177.
- 49 Haran, *a w*, 179-181.
- 50 Strugnell, *a w*, 259-261.
- 51 Vergelyk H F van Rooy, "The origin of the Syriac Apocryphal Psalm 153". *Journal for Semitics* 6 (1994), 192-200 en Skehan, *a w*, 1976, 148.
- 52 Baars, *a w*, iv.
- 53 Noth, *a w*, 22.
- 54 Wigtil, *a w*, 403-404.
- 55 Strugnell, *a w*, 258-259.
- 56 Strugnell, *a w*, 266-267.
- 57 Strugnell, *a w*, 258.

- 58 Skehan, *a w*, 1976, 144-149.
- 59 Sanders, *a w*, 54.
- 60 Sanders, *a w*, 58.
- 61 Sanders, *a w*, 63.
- 62 Wigtil, *a w*, 402.
- 63 Wigtil, *a w*, 402-403.
- 64 Wigtil, *a w*, 403.
- 65 Wigtil, *a w*, 403.
- 66 Wigtil, *a w*, 403-404.
- 67 Wigtil, *a w*, 404-406.
- 68 Wigtil, *a w*, 405.